Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# NET TREFFERS TEL

**In recent years historical writers in the United States have begun to question the accuracy of the patriotic mythology of the American soldiers' markmanship. Particular attention has been paid to the American Civil War and it is evident from a study of the facts that troops on both sides were indifferent shots. A large proportion of the Federal soldiers was recruited from urban backgrounds and lacked any knowledge of fire-arms. Rifles thrown away at Gettysburg provide ample proof of the lack of expertise among thousands of troops of the Confederate armies, and even some of the regiments of the western states made very poor showings at target practice.**

**As in the case of the American frontiersman, the Republican burghers of the late nineteenth century have enjoyed a reputation of incredible ability with a rifle. Yet a comparison of ammunition expenditure and casualty lists in the Second Anglo-Boer War surely give pause for thought, and there seems ample evidence to bring the truth of the sharpshooting tradition into question.**

**Such myths are indeed hazardous, for they breed complacency in the present day, where a very real danger exists that the modern South African soldier will assume that he has inherited the ability of markmanship, instead of realising that this is not an inborn characteristic but rather something achieved after long practice and great mental application.**

Dr Francis A. Lord, 'n bekende Amerikaanse Burgeroorlogshistorikus, sê:

> 'The patriotic mythology which holds that every red-blooded American boy is a natural-born expert with a rifle often comes to grief when confronted by historic fact'.[1]

Een so 'n historiese feit is dat 'n hoë persentasie Federale soldate, wat aan die Amerikaanse Burgeroorlog deelgeneem het, uiters swak skuts was. Die tipiese Noordelike infanteris, spesifiek van die noordooste van Amerika, was gewoonlik afkomstig uit 'n stad of dorp en dus minder vertroud met vuurwapens as sy teenparty uit die Suide.

Verder word hierdie stelling gerugsteun deur die min verwysings na skietoefeninge in die Federale magte se eenheidsgeskiedenisse. Dr Lord sê oa ook dat dit wil voorkom asof die meerderheid Federale bevelvoerders geglo het dat hulle opleidingsverpligtinge op die paradeterrein volvoer was. Die vermoë om op die gevegterrein te ontplooi was al wat hulle van hulle eenhede verwag het. Dat skietoefeninge en geweerhantering 'n hoër prioriteit behoort te geniet het, word bewys uit verslae oor die Slag van Gettysburg (1863). Na die Slag het herwinningspersoneel 27 000 gewere op die slagveld opgetel. Hiervan was 24 000 nog gelaai — helfte daarvan met dubbel ladings — en ongeveer 6 000 met drie tot tien ladings. In die gevegsroesemoes het dit die onervare soldate dus ontgaan dat hulle gewere gelaai is en derhalwe nog 'n lading of twee op die vorige vasgestamp. Verder word daarop gewys dat ongeag die groot vuurkragvermoë wat die troepe tydens die Slag behoort te gehad het, dit gevind was dat artillerievuur en gewere — wat as knuppels gebruik was — vir meer ongevalle verantwoordelik was as geweerkoeëls.

Enkele pogings is wel aangewend om die Federale troepe se skietkuns te verbeter. Die 5th Massachusetts Infantry se skietoefening het daaruit bestaan dat die wagte elke oggend na wagdiens na 'n lewensgrootte skyf moes skiet en nie meer die skoot, soos gebruiklik, in die lug moes afskiet nie. Die drie beste skuts is van wagdiens verskoon wanneer dit weer hulle beurt was.

Die 29th Massachusetts se aanmoediging om hulle skietkuns te verbeter, was 'n dag verlof vir die tien beste skuts plus 'n rit van 30 km per stoomboot en 'n besoek aan besienswaardighede.

Die Federale troepe uit die westelike state, veral die 'Wilde Weste', was oor die algemeen meer vertroud met vuurwapens en gewoonlik ook beter skuts as hulle wapenbroers. Maar daar was uitsonderings. Tydens 'n skietkompetisie van die 4th Illinois Cavalry,



**Baie gevegte in die Amerikaanse Vryheidsoorlog het binne handgemeen-afstand plaasgevind.**

is na 'n lewensgrootte skyf van Jeff Davis op 'n afstand van 200 tree gevuur. Elke kaptein het 30 skuts gekies en elke skutter kon van sy voorkeurskietposisie gebruik maak. A kompanie het begin, 'n sarsie geskiet en die skyf heeltemal gemis. Die ander kompanie van die eerste bataljon het nie veel meer sukses behaal nie. Die beste resultaat van al die kompanies was ses treffers uit dertig pogings — nie een treffer was 'dodelik' nie. Die tweede bataljon het net sewe treffers gehad en die derde bataljon het niks beter gevaar nie. Dit is opvallend dat baie troepe in hierdie westelike regiment, voor die kompetisie, nooit 'n geweer afgevuur het nie.

Hoe vergelyk hierdie situasie met dié in Suid-Afrika, sowat veertig jaar later?

Die Engelse geskiedskrywer, A. Conan Doyle skrywe in sy boek, **The Great Boer War,** oor die ZAR en Vrystaatse burgers, die volgende:

> 'The men were brave, hardy, and fired with a strange religious enthusiasm. They were all of the seventeenth century, except their rifles . . . as marksmen they were supreme.'[2]

Conan Doyle skryf verder dat die Boere rofweg in dorpenaars, wat beskaafd en gekultiveerd was, en plaasburgers (,backveldt') verdeel kon word. Van hierdie plaasburgers sê hy '. . . These were perhaps the finest natural wariors upon earth, marksmen, hunters, accustomed to hard fare and a harder couch.'[3] Tradisioneel stem baie Suid-Afrikaners saam met Conan Doyle. Tot vandag toe word geglo dat die Boere — en hulle nageslag — tande op 'n geweer se loop gesny het.

Getoets aan historiese gegewens val hierdie patriotiese mites plat. Al die Boere het nie dieselfde geloof in die regverdigheid van hulle saak gehad nie en al die Boere was nie bittereinders nie. Dit was maar 'n klein klompie wat aan die einde van die Anglo-Boereoorlog die wapen neergelê het.[4] Laastens was al die Boere ook nie skerpskutters nie.

Volgens dr J. H. Breytenbach[5] het die twee Republieke ongeveer 40 000 000 tot 50 000 000 rondtes ammunisie aan die begin van die Anglo-Boereoorlog gehad. Hierby moet in gedagte gehou word dat die Boere, nadat bogenoemde ammunisie uitgeput was, van Britse wapens en ammunisie ook gebruik gemaak het. Volgens **The Times History of the War** is 701 Britse offisiere en 7 091 ander range in gevegte gedood of het aan wonde omgekom. Dit bewys dus duidelik dat die Boereskerpskutters meer as een koeël nodig gehad het om een Brit buite aksie te stel.

Tereg kan opgemerk word dat geweervuur nie altyd aangewend word om die vyand te dood nie of dat meer as een persoon op 'n persoon gedurende 'n geveg vuur of dat sommige burgers dalk dieselfde fout as onervare jagters maak, nl om in die bondel te vuur en nie 'n spesifieke teiken te kies nie.

Dit alles in ag genome bly 50 miljoen rondtes



**Paardeberg: Oorlogskrot.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



'n Nabygeveg gaan gewoonlik gepaard met 'n bo gemiddelde hoeveelheid slagveldverliese.



Gettysburg 1863: Die skerpskutters se taktiek om individue te elimineer, kon die vyandelike infanterie formasies nie stuit nie.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



Olifantsfontein: In die geveg is swaar verliese op kernskootafstand toegedien met geweerkolwe en bajonette.

ammunisie nog baie om slegs 7 792 van die vyand te dood en daarom kan die algemene stelling dat elke burger 'n skerpskutter was, nie aanvaar word nie. Dit is dus nie vir ons geslag raadsaam om te koester in die roem van ons voorgeslag nie. Dit sal nie help om te sê dat Boer se kind weet hoe om 'n geweer te hanteer as daar moeilikheid kom nie. Dit is nog nie bewys dat elke Suid-Afrikaner elke skoot wat afgevuur word, kan laat tel nie. Dit kan selfs beweer word dat die huidige geslag swakker skuts as die burgers van die ZAR en OVS is. Die Suid-Afrikaner het 'n stadsbewoner geword, die wildtroppe het verminder, ammunisie het bykans onbetaalbaar duur geword en daarom kan die Suid-Afrikaners nie 'n geweer hanteer soos dit moet nie.

Die toestand, soos hierbo geskets, kan verbeter word deur meer en gereelde skietoefeninge en, miskien, deur groter aanmoediging, maar bowenal moet die gesindheid van sommige Suid-Afrikaners tov 'n geweer verander.

Hier kan 'n groepie uit die kommunistiese Grondwet van groot waarde wees, nl dat slegs 'n ware kommunis die voorreg geniet om 'n wapen ter verdediging van sy land op te neem. Sodra die Suid-Afrikaner besef dat dit 'n voorreg is om 'n wapen ter verdediging van jou land op te neem en dat hierdie voorreg nie aan almal beskore is nie, dan sal veel minder vuurwapens vanweë agterlosigheid gesteel word of vanweë roes en mishandeling onbruikbaar raak. Eers wanneer 'n vuurwapen weer deel van die Suid-Afrikaner se daaglikse lewe geword het en na behore vertroetel word, dan sal die Suid-Afrikaner weer 'n skerpskutter word en sal hy in 'n geveg elke skoot laat tel.

---

1. The American Rifleman, Apr 75, p. 25.
2. Doyle, A. Contn, **The Great War**, pp. 57-58.
3. Conan Doyle: **op. cit.**, p. 70.
3. Preller, G. S. **Kaptein Hindon**, pp. 44-45. Transvaal het ongeveer 25 000 man na die ontruiming van Ladysmith onder die wapen gehad. Ongeveer 10 000 man het in Transvaal in Mei 1902 die Wapen neergelê.
5. Breytenbach, J. H., **Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902,** Deel I, p 85.